Laerskool Queenswood

Omsendbrief 20

22 Junie 2011

Geagte Ouers en Voogde

SKOOL SLUIT:
Die skool sluit eerskomende Vrydag, 24 Junie 2011, om 11h00. Dit sal waardeer word, indien u asseblief sover moontlik, u kind/ers nie voor die tyd kom afhaal nie. Ongelukkig sal u kind/ers nie aanwesig gemerk kan word indien hulle voor sluitingstyd afgehaal word nie.
Ons wens u en u gesin 'n aangename ruskans toe.
Die skool open op 18 Julie 2011 om 07:25.

FOTO'S:
Leerders wat aan eerste en tweede kwartaal aktiwiteite deelgeneem het en van wie op 17 Mei 2011 foto's geneem is, het fotobestellings ontvang. Indien daar 'n leerder is wat nog nie so 'n koevert onvang het nie, moet asseblief by mej. Grober een kom afhaal. Die fotobestellings sluit op 29 Julie 2011.

PARKERING PUXLEYSTEEG:
Baie dankie aan die ouers wat gereageer het op omsendbrief 19.
Ons het kennis geneem van die eintlike probleem. Die strepe sal gedurende Julie vakansie oorgeverf word.

ENTREPRENEURSDAG:
Dit is die graad vier leerders se beurt om op 24 Junie 2011 te verkoop.

Graad 4's pak uit	:	08:30
Verkope begin	:	09:00
Verkope eindig	:	10:00
Opruim	:	10:00 tot 10:30
Skool kom uit	:	11:00

KOPLUISE:
Daar is gemerk dat kopluise weer hul verskyning gemaak het. Maak asseblief gedurende die skoolvakansie seker dat u kind se hare luisvry is. Daar is baie goeie middels wat by apteke beskikbaar is.

SKAAK:
Beginners
Ons grondslagfase leerders wat graag wil leer skaak speel word uitgenooi om hulle name by hulle klasonderwysers op te gee. Ons begin Maandag 25 Julie 2001 in mev. Smit se klas vanaf 13:15 tot 14:00 speel.
Skaaktoernooi
Vir gevorderde spelers. Rondte een van die toernooi begin op 27 Julie 2011 in mev. Smit se klas.

HOËRSKOOL OPE DAE:

Hoërskool Wonderboom	21 Julie 2011		14:00 - 19:00
HTS John Vorster	25 Julie 2011	- (heel dag om deur te stap)	
		- (Inligtingsessie)	19:00
Hoërskool Hendrik Verwoerd	28 Julie 2011	- (leerders)	09:00 - 11:00
	1 Augustus 2011	- (ouers)	18:30
Hoërskool Oos-Moot	2 Augustus 2011	- (skoolbesigtiging)	16:30
		- (aandprogram)	18:00
Hoërskool Menlopark	11 Augustus 2011		14:30
Afrikaanse Hoër Meisieskool	18 Augustus 2011		14:30

GEWONE KLERE:
Skole in Pretoria is gevra om geld vir die Craven Rugbyweek wat in Pretoria gedurende die eerste week van die vakansie gehou word, in te samel. Ons het dit goedgedink dat leerders welkom is om teen R5.00, die laaste dag van die kwartaal, gewone klere kan aantrek om so ook ons deel by te dra.

BAIE, BAIE GELUK:
Graag wens ons vir Ilke Roux, 'n graad 7 leerder van ons skool, geluk met haar puik prestasie. Sy is gekies om deel te wees van Gauteng Noord SANESA span vir 2011. Baie sterke aan haar en haar perd Scubidoo. Ons as skool is baie trots op julle.

KOEKSISTERBESTELLINGS:
Baie dankie vir u almal se ondersteuning.
Die koeksisters sal Donderdag, 23 Julie 2011, uitgedeel word.

Punte van belang:

Skool sluit

Foto's

Parkering Puxleysteeg

Entrepreneursdag

Kopluise

Skaak

Hoërskool ope dae

Gewone klere

Ilke Roux

Koeksisters

ALERT AD KAART:
Alert staal is 'n verskaffer van staal, bewapeningstaal, hardeware, boumateriaal, loodgietersware en nog vele meer! Doen aansoek vir 'n Alert Edu Kaart by die skool of by u Alert staalhandelaar. 10% Van die wins van al u kontantaankope word in die skool se rekening inbetaal en 10% word in u kind se skoolfondsrekening inbetaal.

NASIONALE SHOTOKAN SPAN:
Jonathan Britz, 'n graad 7 leerder van ons skool is gekies vir die Nasionale Shotokan span wat in September 2011 in Stellenbosch teen Namibië, Zimbabwe en Mozambique deelneem. Hy gaan ook volgende jaar by die 6de JSKA-wêreldkampioenskappe in Mexiko deelneem.

KASKAR:
Die leerders ontvang vandag hulle kaskarborgvorms. Aangesien ons in die verlede so 'n groot sukses van die kaskarwedren gemaak het, het ons dit goedgedink om reeds nou al die borgvorms aan die leerders te oorhandig dat hulle kan begin woeker.

MY SCHOOL-KAART:
Gebruik asseblief u kaart so gereeld as wat u kan.

Vriendelike groete

R. LUDICK
PRINSIPAAL

GENIET DIE VAKANSIE

Punte van belang:

Alert staal

Jonathan Britz

Kaskar

My School-kaart